Maandag 4 Mei

Skrifgedeelte: Esegiël 36:20-27

Fokusgedeelte: Matteus 6:10 en HK Sondag 47

God se genade laat ons as koninkryksburgers bid om die heiligheid van sy Naam

Dit gaan in my gebede oor God. Dit gaan oor sy Naam wat geheilig moet word. Dit behoort so in my hele lewe en daarom ook in my gebedslewe te wees. Dit is die doel van my ganse bestaan. Sy Naam moet geheilig word. Daarom kan ek nie anders as om my gebed so te begin nie.

Ek wens ek kan sê dat dit waar is van my gebede en van my lewe. Telkens betrap ek myself dat my gebede en my lewe oor myself gaan. Oor my behoeftes en daarom om my eie eer. Daarom trek die eerste bede al my skeefgetrekte en eiegerigte lewe weer reg. Dit rig my lewe op die eer van God. Soos wat 'n pyl-en-boogskutter korrel vat om die pyl in die regte regtig te skiet, so rig die eerste gebed my gebed en lewe na die doel van alles, ook van my bestaan.

Met dié bede bid ons dat *"ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word"* (Heidelbergse Kategismus). God moet geëer word. Sy Naam wat heilig is, moet geheilig word.

Ek wens ek kon dit van my gebed en my lewe sê. Dat God deur my gebede en my lewe geëer word. Genadiglik is die heilige God ook die genadige Verbondsgod. Hy kan en sal nie toelaat dat sy Naam ontheilig word nie. Hy sal self ingryp. Hy doen dit deur sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld te stuur. Hy het ons kom reinig en Hy het die Heilige Gees gestuur om vir ons 'n nuwe hart en gees te gee. Die Gees kom werk in ons die begeerte om ook die eerste bede te wil bid: "Ons Vader, laat u Naam geheilig word."

Wanneer jy dié bekende woorde bid, selfs al is dit nog so gebrekkig en min, stop vir 'n oomblik en dink na oor die geweldige iets wat dit is dat jy die bede wil bid. Dit is 'n Godgegewe gawe dat jy Hom wil eer. Juis dit gee sin en betekenis aan my gebed, aan my lewe. Dit is genade. Want dan gaan dit oor sy eer.

Ons Vader wat in die hemel is – laat u Naam geheilig word.

*Sing: Psalm 145-1:1, 12*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*